CHRISTELIKE UITGEWERSMAATSKAPPY
Uitgewer van hoogstaande publikasies

# Op soek na Jesus

## 'n Verslaggewer se verrassende perspektief op die lewe van Jesus




Wie is Jesus regtig? Dit is die vraag wat in baie mense se koppe is – gelowiges én soekendes.

Bekroonde joernalis (voorheen van *Beeld*) en redakteur van *Kerkbode,* Neels Jackson, volg in ***Op soek na Jesus*** 'n unieke benadering ... Dit is 20 eeue gelede, en 'n ondersoekende joernalis sit in sy koerantkantoor in Jerusalem. Hy hoor gerugte van 'n man wat wonderwerke doen en siekes genees. Hy wil weet wie dié man is en begin ondersoek doen en berigte skryf.

Jare later sit dieselfde man en terugkyk oor die dinge wat hy geskryf het. Die leser blaai saam met hom deur sy koerantberigte om sin te maak van wie Jesus werklik is.

Leer ken Jesus soos nog nooit tevore nie. ***Op soek na Jesus*** is soos elkeen se eie innerlike soektog na wie Jesus werklik is. Dié boek sal lesers laat nadink oor die nuuswaardigste Man ooit.

**Spesifikasies:**

| | |
|---|---|
| **ISBN:** | 978-1-4316-0791-4 |
| **Prys:** | R139,95 |
| **Vrystellingsdatum:** | Januarie 2014 |
| **Kategorie:** | Christelike leefwyse |
| **Teikenmark:** | Algemeen |
| **Formaat:** | 148 x 210 mm |
| **Bladsye:** | 236 |
| **Omslag:** | Sagteband |

## Kort kopie

'n Ondersoekende joernalis hoor gerugte van 'n man wat wonderwerke doen en siekes genees. Hy wil weet wie dié man is en begin ondersoek doen. Jare later kyk hy terug en lees weer sy eie koerantberigte, en dan begin hy besef wie Jesus werklik is ... Bekende en bekroonde joernalis (voorheen van *Beeld*) en *Kerkbode*-redakteur, Neels Jackson, vertel in ***Op soek na Jesus*** die verhaal van Jesus soos nog nooit tevore nie. Dit is 'n boek wat lesers sal laat nadink oor die nuuswaardigste Man ooit.

## Oor die outeur



**Neels Jackson** het 'n honneursgraad in Afrikaanse letterkunde by Tukkies verwerf. Ná twee jaar as dienspligtige met godsdiensbesware en nog drie jaar en vyf maande in die onderwys het hy in Junie 1990 by *Beeld* begin werk, waar hy vir meer as 23 jaar gewerk het. Hy het die grootste deel van sy joernalistieke loopbaan aan verslaggewing oor kerksake gewy en het hom as 'n spesialis op dié terrein ingegrawe. In 2013 ontvang hy 'n spesiale Andrew Murray-prys vir sy spesialis-godsdiensverslaggewing. Neels is vanaf 1 Desember 2013 redakteur van die *Kerkbode*. Hy is getroud met Louise en het twee dogters, Christi en Riana.



**'My seun is gesond, ons lewe het verander,' vertel pa**

'n Oorstelpte kleinboer van Magdala het gister vertel hoedat sy hele familie se lewens verander is nadat hul agtjarige seun deur Jesus van Nasaret gesond gemaak is.

Die trane het behoorlik geloop terwyl Semmie vertel het hoe "die ding met my seun" besig was om hul lewens te verwoes.

Hy kon self nie verduidelik presies fout was met sy seun nie, maar het vertel dat die kind soms sommer sou begin stuipe kry en dan in die water val of in die vuur val terwyl die skuim om sy mondhoeke staan.

Party mense het dit vallende siekte genoem, maar baie het gesê hy is deur 'n duiwel besete.

"Mense het hul rug op ons hele gesin gekeer. Ons het omtrent g'n vriende meer oorgehad nie," het Semmie vertel.

"Daarby was ons hele toekoms in gedrang. Soos hy was, sou Semmie nie kon trou nie, en hy was my enigste seun. Hoe sou ons familie kon voortgaan as hy nie 'n erfgenaam kon voortbring nie?

"Ons sou ons grond verloor, ons sou ons plek in die gemeenskap verloor, ons sou alles verloor.

"Toe hoor ons Jesus van Nasaret is hier naby en dat hy al die siekes gesond maak. Ek het vir Kleinsem gevat en hy het die duiwel uit hom uitgejaag. Nou is hy reg, heeltemal reg, asof hy nooit iets makeer het nie.

Hy sal eendag kan trou en kinders hê en die familie kan voortdra.

"Ons vriende is ook weer terug. En hulle is net so bly soos ons dat Kleinsem nou gesond is."

Kleinsem het net breed geglimlag en skamerig gesê hy is bly hy val nie meer nie.

## Unieke verkooppunte

- Neels Jackson ontvang in 2013 'n spesiale Andrew Murray-prys vir sy spesialis-godsdiensverslaggewing
- Hy was voorheen joernalis vir *Beeld* en is in Desember 2013 aangestel as redakteur van *Kerkbode*
- Relevante onderwerp